VERJAARSDAE 19 TOT 25 APRIL 2009

04/19	JACO	VAN WYK	KRUGERLN 140	(Blok 3)
04/20	LESINDA	VAN WYK	KRUGERLN 140	(Blok 3)
04/20	RITA	JAMES	VAN RIEBEECKLN 32	(Blok 4)
04/21	CONNIE	CONRADIE	KRUGERLN 285	(Blok 1)
04/21	ANNEMÉ	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 338	(Blok 1)
04/22	TANIA	ROOS	CANTONMENTSWEG 1	(Blok 2)
04/22	JOAN	VILJOEN	HANS STRIJDOMLN 204	(Blok 2)
04/22	MICHAËL	ISKE	CHARIS 14 BASDENLN 228	(Blok 4)
04/22	WILLIE	NEÜ	KRUGERLN 250A	(Blok 1)
04/23	NADIA	FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	(Blok 2)
04/23	HANNES	ROOS	HANS STRIJDOMLN 30	(Blok 4)
04/24	EMILY	VAN REENEN	VAN RIEBEECKLN 60	(Blok 3)
04/24	ETIENNE	STEP	VAN RIEBEECKLN 133	(Blok 3)
04/24	HERMANUS	BOTHMA	DE LA REYWEG 16	(Blok 4)
04/24	AZELLE	STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	(Blok 1)
04/24	LIEN	BADENHORST	VAN RIEBEECKLN 285	(Blok 1)
04/25	ANNELIE	BADENHORST	DF MALANLN 239	(Blok 1)
04/25	JOHAN	DE BEER	KRUGERLN 218	(Blok 2)
04/25	RINA	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149	(Blok 3)

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan oom Connie Conradie, Krugerln 286 wat Dinsdag 21 April 88 jaar oud sal wees,

En Tannie Joan Viljoen, Hans Strijdomln 204 wat Woensdag 22 April 85 jaar oud sal wees.

Aan u albei met u gesinne wens bid ons u Gods rykste seën toe en mag u sy liefde en genade ryklik ervaar in die nuwe lewensjaar.

HUWELIKSHERDENKING

VRYDAG, 24 APRIL

KRUGE EN ANNEMARIE ROELOFFZE DF MALANLN 29 (Blok 4)

SAAMRY GELEENTHEID GESOEK ...

OM TE BEGIN

MAANDAG 4 MEI 2009

VANAF DF MALANLAAN 203

NA BROOKLYN AREA

WERKSURE : 08:00

TOT 17:00

SKAKEL ASSEBLIEF

SUSAN : 079 385 1914

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 19 April 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 19 APRIL

Bid vir die verkiesing
Deurkollekte Jeug

09:00 Bevestiging Prop Jan van Jaarsveld
Intreepreek
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/ Ouers kuier saam
19:30 Gesinne speel saam

MAANDAG, 20 APRIL

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 21 APRIL

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00—20:30 Sektor 2 vergadering

WOENSDAG, 22 APRIL

17:00 Biduur

DONDERDAG, 23 APRIL

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha Kursus

VRYDAG, 24 APRIL

06:00—06:30 Stiltediens

SONDAG, 26 APRIL

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens

MAANDAG, 27 APRIL

Vryheidsdag

DINSDAG, 28 APRIL

09:00 Susters Biduur/Bybelstudie
19:00-20:30 Sektor 2 vergadering

WOENSDAG, 29 APRIL

17:00 Biduur

DONDERDAG, 30 APRIL

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha kursus

VRYDAG, 1 MEI

Werkersdag

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Frans en Rita Ackerman, Hans Strijdomln 40 met Rita wat hierdie week 'n operasie ondergaan het (Blok 4).
2. Petrus en Priscilla Engelbrecht, Langebrinkweg 49b met Petrus wat hiedie week 'n operasie ondergaan het (Blok 3).
3. Chris en Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 met Chris wat siek is (Blok 4).
4. Bessie du Plessis, Krugerlaan 239(b) wat 'n ernstige operasie in die Kaap ondergaan het. Dit gaan op die oomblik 'n bietjie beter. Ons bid haar sterkte toe (Blok 1).
5. Tannie Joan Viljoen, Hans Strijdomln 204 wat sukkel met haar gesondheid dit nie goed gaan nie (Blok 2).
6. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1)
7. Frik en Ané Strydom, Hofmeyrweg 15 met Ané wat nog sukkel met haar gesondheid (Blok 1).
8. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal by Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629.
Die prys is R100 per eksemplaar.

Baie dankie.

DIE GEBEDSBRIEF 11 : SONDAG 19 APRIL 2009

Goeie Môre Gemeente

Hoop u het ’n wonderlike naweek gehad en almal is veilig tuis en pak die nuwe kwartaal met nuwe gees aan.
Wanneer ek volgens die beloftes van God bid, sê ek eIntlik: Here, laat dit wees soos wat u sê. Wanneer ek net bid en ’n klomp versoeke voor die Here lê, maar ek herinner die Here nie aan sy beloftes nie, is dit asof ek sê: Here, laat dit wees soos wat ek sê.

Daar is ’n belofte vir elke situasie. Maar meer as dit, ons God is groter en meer as sy beloftes en groter as enige situasie wat ooit kan opduik. Leef vanuit die helder wete van hierdie feit. Wanneer jy daagliks stiltetyd hou, onderstreep die beloftes, oordink hulle, soek toepassingsterreine vir hulle in jou lewe en veral in jou gebedslewe. Leer om vanuit die belofte te leef. Soms kom ons in daardie uiters moeilike situasies waar ons God se handelinge nie verstaan nie en ook nie weet hoekom Hy bepaalde dinge doen en toelaat nie. In hierdie situasies voel dit dikwels of God se beloftes ook nie meer sin maak nie. Beweeg dan geestelik na ’n ander sfeer - dink vanuit God se posisie na oor ’n probleem. Kyk ’n slag met God se oë, vanuit die hemel, van bo af, na die probleem en jy sal sien dat die saak totaal anders lyk. Ons as mense sien die probleem, die gevaar, die krisis; God dink egter oor dieselfde saak vanuit sy almag, alwetendheid en alomteenwoordigheid. Dikwels help dit om te weet dat, al weet ek nie hoe om die situasie te hanteer nie en al verstaan ek nie wat aan die gang is nie, God verstaan en weet wat aan die gang is. God weet waarheen Hy met my op pad is.

Wanneer jy die beloftes bid, bid hulle in die Naam van Jesus Christus. Die enigste waarborg dat God ons sal hoor as ons op die beloftes kom staan, is wanneer ons dit in die Naam van Jesus bid. Dit is alleen op grond van Jesus se kruisdood en die versoening deur die bloed dat die beloftes geldig is.

Wanneer jy die beloftes bid, bid hulle in die Naam van Jesus Christus. Die enigste waarborg dat God ons sal hoor as ons op die beloftes kom staan, is wanneer ons dit in die Naam van Jesus bid. Dit is alleen op grond van Jesus se kruisdood en die versoening deur die bloed dat die beloftes geldig is.

Die volgende paar weke gaan ek ’n lys van beloftes aan u deurgee. Merk hulle in u Bybel en memoriseer van hulle of selfs almal, want hulle is beloftes vir spesifike situasies en u kan dit dalk net nodig kry. Hier is die eerste 3.

God luister na ons gebede
Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen die wat kwaad doen. (1Pet.3:12; Ps 34:18; 1Joh. 5:14; 2Kron.16:9; Ps. 4:4; Ps.102:18).

God antwoord ons gebede
Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor. (Jes. 5:24; Jer. 33:3; Mark.11:24; Joh.15:7; Jes. 58:9; Ef. 3:20; Matt. 7:7-8)

’n Geseënde week en bid in God se beloftes.

Christus Groete : Gebedsgroep

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—’n “wyser” na die “Woord” toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139,
vul ‘n terugvoervorm in

of stuur ‘n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

Die Bybelskool is ‘n sinodale projek van die Oostelike Sinode. Let op dat dit geherstruktureer is

BROODPROJEK VIR WERKLOSES

Liewe Gemeente

Ek is dankbaar en opgewonde oor die uitdaging wat die Here op my hart kom lê het, naamlik die broodprojek vir werkloses.

Vir maande het dit my aan die hart gegryp om daagliks die mense op die hoekstrate te sien sit, altyd hoopvol dat die volgende motor hom sal oplaai vir 'n dag se werk.

Dit was vir my kosbaar dat ander gemeentelede, asook die droomspan, my visie kon deel en my passie kon finansier met donasies en bystand.

Vir die afgelope 7 weke het ons span, slegs op Vrydae, drie toebroodjies, 'n gekookte eier en 'n beker koffie aan ongeveer 35 mense per keer voorsien. Een van my sendeling-dogters was genadiglik ook hier en kon vir almal wat behoefte aan gebed of genesing nodig gehad het, by Jesus intree. Dit het reeds verskeie pragtige getuienisse opgelewer.

My droom is egter om die projek uit te brei! My versoek aan u is asseblief die volgende:

Bydraes/donasies: brood, margarien, koffie, suiker, melk, koeldrank, eiers

Hande wat die middag vooraf die broodjies kan smeer en die eiers kan kook

Diensbeurte op Woensdag en Vrydag oggende van 6:30 – 08:00

Manne: by die hek vir toegangsbeheer en veiligheid

Voorbidders: Fisies by die projek vir die mense of dan tuis

Die projek het ons geseën en glo dat u dit ook so sal ervaar!

Navrae: Retha Wessels (082 772 0955; 012 664 2303)

Groete

Die uitreikspan

oooOOOooo

OOS-JEUG : ONS BEWEEG

Liewe Ouers

Hoop julle het 'n wonderlike vakansie gehad en het nou weer krag vir die nuwe kwartaal. Ons hoop nie dat vanoggend se handjiedrukkery teveel gemors gaan afgee nie. Ons sal probeer om u kinders so skoon moontlik terug te besorg! Hulle gaan hulle handafdrukke gee teen die muur by die trappe in'n boomvorm. Hulle het ook hulle openingspiekniek daarna.
Ons het ook mentorvergadering na die diens in die saal en almal wat belangstel om deel van die Jeug te wees is welkom om die vergadering by te woon. Enige voorstelle en nuwe idees sal ook welkom wees.

Jesus groete : Madelaine (082 354 3455)

ATTESTAAT ONTVANG

Vanaf Moreletapark:

Johannes Wilhelmus van Jaarsveld, Beckett Condos 701, Beckettstr 220, Arcadia. (Wyk 26a—Blok 4).

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos.

UIT DIE KERKRAAD

Na die kerkraadsvergadering op Woensdagaand, 15 April om 19:00 wil ek graag die voglende informasie deurgee.

Eerstens wil ek al die kerkraadslede bedank dat hulle hul tyd en bereidwilligheid getoon het met die bywoning van die vergadering. Ook 'n groot dankie aan ds Freddie vir sy noukeurige byhou van die notule as skriba.

Madelaine Steyn (Jeug) en Kobus Badenhorst sal samesprekings voer oor 'n groter deelname van die Jeug aan die Basaar/Parknaval se aktiwiteite.

Dank aan Meiring Gouws vir sy bydrae as onder-voorsitter van KAF (Kommissie vir Administrasie en Finansies). Meiring het bedank weens vermeerde ander verpligtinge. Kobus Badenhorst is verkies as nuwe onder-voorsitter.

Die gemeente sal deur die volgende kerkraadslede verteenwoordig word by die Oostelike Sinodesitting in Oktober — ds Freddie Schoeman, Johan Bauer (primarius), Dries van der Merwe (secundus) en Antoinette van Rensburg (secundus).

Groete en seënwense vanuit die Kerkraad.

Johan Bauer (Voorsitter : Kerkraad)

VERKIES TOT DIAKEN

Op die kerkraadsvergadering van 15 April 2009 is verkies tot diaken -

Lezanne Janse van Rensburg, Smutsln 116.

Sal die gemeente asseblief vir haar voorbidding doen met die neem van hierdie besluit.

JAFFELS TE KOOP

Ingesluit by hierdie Familienuus vind u 'n bestelvorm vir jaffels wat Vrydag 24 April te koop aangebied word.

Klub Immergroen vra dat u hulle asseblief in hierdie fondsinsameling sal ondersteun!

Baie dankie byvoorbaat.

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 30 Mei 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009
7 November 2009

ROMMELVERKOPING

Ons rommelverkoping vir die verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG, 5 MEI*** vanaf 06:30 die oggend.

Ons vra nou al dat u u kaste deurgaan en alles wat vir u in onbruik geraak het of oortollig is, deurgee aan Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (telefoon 664 3364) of Dries van der Merwe by Van Riebeecklaan 149 (664 2469). **ONTHOU ...** Wat vir u nie meer bruikbaar is nie, kan vir iemand anders van groot waarde wees. Daar is veral 'n behoefte aan linneware in die vorm van lakens, gordyne, ensovoorts. Komberse is natuurlik altyd welkom. Baie dankie byvoorbaat vir u bydraes.

Die prys van die Bybels het gestyg maar ons subsideer dit nog steeds uit hierdie fondse. Help ons asseblief!

BAIE BELANGRIK ... Ons soek hulp met die merk van die artikels op MAANDAG, 4 MEI in die gemeentesentrum vanaf 09:00.

Alpha

'n Geleentheid

om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Junie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein
van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

BAIE DANKIE …

Ds Freddie

Baie dankie vir die mooi gelukwensing vir my 82ste verjaarsdag en wonderlike seën van die gemeente asook vir die pragtige blomme.

Baie dankie vir die mooi wense met ons 60ste huwelikgeleentheid.

Ons bid vir seën vir die gemeente en die werksaamhede.

Met seënwense van Willie en Theresa Smith